

HUIS REËLS

MOOIBERGE EIENAARVERENIGING

1. BETALING VAN HEFFINGS

- 1.1 Geen kontant sal aanvaar word nie;
- 1.2 Betalings kan geskied deur elektroniese betaling, direkte depositos of debiet orders in die bankrekening van die vereniging;
- 1.3 Heffings is vooruit betaalbaar. Betalings wat nie teen die 7de (sewende) dag van die maand ontvang is nie sal onderworpe wees aan 'n boete in die bedrag van R25.00. Skriftelike kennisgewing van gemelde boete sal aan die lid gestuur word. Indien die lid nie reageer op die kennisgewing nie, sal die lid aan die vereniging se prokureurs oorhandig word.

2. TROETELDIERE

- 2.1 Alle bestaande troeteldiere sal aanvaar en toegelaat word op die perseel.
- 2.2 Honde word nie op die gemeenskaplike area toegelaat sonder 'n leiband en toesig nie. Ontlasting sal onmiddellike deur die eienaars verwyder word.
- 2.3 Eienaars sal ten alle tye behoorlik toesig oor hul troeteldiere uitoefen en verseker dat hul nie die ander inwoners versteur nie. As 'n troeteldier 'n oorlas is, behou die Huiseienaarsvereniging die reg om te versoek dat die troeteldier vanaf die perseel verwyder word.

3. MOTOR VOERTUIG

- 3.1 Alle voertuie moet te alle tye bestuur word met die nodige sorgsaamheid van mede inwoners, veral kinders, teen 'n aanvaarbare spoed van maksimum 30 km/uur.
- 3.2 Geen individu mag 'n voertuig sodanig parkeer dat ander voertuie versper word nie.
- 3.3 Enigiemand aangemeld vir roekelose bestuur sal verantwoordelik gehou word vir sy/haar aksies. Druk van die toeter en lawaaierige enjin revving sal nie toegelaat word nie.

4. VULLISVERWYDERING

- 4.1 Huishoudelike vullis moet in 'n munisipale swartsak geplaas en verseël word en moet netjies in die houe wat vir vullis voorsien is geplaas word.
- 4.2 Slegs swartsakke met huishoudelike vullis moet in die vullishouers geplaas word. Alle ander vullis, byvoorbeeld tuinvullis, moet in sakke verseël word en netjies langs die vullishouers geplaas word vir nie langer as 1 dag voordat vullis deur die Plaaslike Owerheid verwyder sal word nie.

5. AANBOUINGS & VERANDERINGS

- 5.1 Alvorens enige struktuur van 'n permanente aard opgerig of verander word op 'n perseel moet 'n aansoek vir goedkeuring deur beide die Huiseienaarsvereniging en die Plaaslike Owerheid ingedien word.
- 5.2 Sodanige aansoek moet:
 - 5.2.1 skriftelik wees;
 - 5.2.2 vergesel word van 'n plan met spesifikasies wat die doel, vorm, ligging, hoogte, materiaal, soos die geval mag wees, van die beoogde verandering of aanbouing;

- 5.2.3 voldoen aan die bepalings van die Nasionale Bouregulasies en enige ander vereistes van die Plaaslike Owerheid; en
- 5.2.4 vergesel word van 'n voltooide aansoek vorm soos vereis deur die Plaaslike Owerheid.
- 5.3 Aansoek vir voorlopige goedkeuring deur die Huiseienaarsvereniging kan gedoen word alvorens 'n plan geteken word.
- 5.4 Aansoek moet ook gedoen word vir enige vorm van struktuur wat beoog word om op die perseel opgerig te word. 'n Skets wat die ligging en vorm van die struktuur aandui asook die beoogde gebruik van die struktuur, moet die aansoek vergesel. Strukture sluit "wendy huise", duiwe/voelhokke, hokke vir die aanhou van pluimvee en diere, ens. in. Sulke strukture moet van sodanige aard wees dat dit nie onooglik of aanstootlik vir mede-eienaars is nie.
- 6. ADVERTENSIES/TEKENS**
Geen teken van enige aard sal in die dorp of parke en openbare oop ruimtes vertoon word sonder die skriftelike goedkeuring van die Huiseienaarsvereniging nie.
- 7. ONDERHOUD**
Enige onderhoud wat nodig geag word op die gemeenskaplike area moet aan die Huiseienaarsvereniging in skrif voorgelê word.
- 8. TUINE**
- 8.1 Elke eienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van sy eie tuin. Waar 'n eienaar sy plig in hierdie verband versuim sal die Huiseienaarsvereniging 'n skriftelike versoek vir regstelling aan die betrokke eienaar stuur. Indien 'n eienaar sodanige versoek ignoreer sal die Huiseienaarsvereniging die Plaaslike Owerheid versoek vir regstelling asook die verhaal van kostes.
- 8.2 Die Huiseienaarsvereniging is verantwoordelik vir die instandhouding van die gemeenskaplike areas.
- 9. STOOR VAN GOEDERE & ITEMS**
- 9.1 Geen items van 'n onooglike aard sal so gestoor word dat dit sigbaar is of op enige plek op die gemeenskaplike area nie.
- 9.2 Die stoor van plofstof en grootmaat ontvlambare stowwe is verbode.
- 10. VUURWAPENS**
Die gebruik van vuurwapens word nie toegelaat nie, tensy in noodweer. Geen klappers sal geskiet word nie.
- 11. RUSVERSTORING (GERAAS)**
Radios, musiek instrumente, tv stelle, motor radios ens. sal te alle tye so gebruik word dat dit nie die rus en vrede van bure en ander inwoners versteur nie.
- 12. DIVERSE BEPALINGS**
- 12.1 Enige vullis, van watter aard ookal, mag nie gestrooi word op die gemeenskaplike area nie.
- 12.2 Die herstelkoste van enige skade, van watter aard ookal, aangerig op die gemeenskaplike area deur 'n eienaar, sy familie, vriende of huurders, sal die verantwoordelikheid wees van die eienaar.

12.3 Enige klagtes (en voorstelle) moet in skrif gestel word en kan ingedien word by enige bestuurslid van die Huiseienaarsvereniging. Geskrewe klagtes sal beantwoord word, in skrif, na deeglike oorweging deur die Huiseienaarsvereniging.

12.4 Eienaars en inwoners word sterk aangeraai om hulself en hul gesinne met die huisreëls van die Dagbreek Huiseienaarsvereniging te vereenselwig en poog om daaraan te voldoen.

13. VERHURINGS EENHEDE

Verhuring van eenhede:

13.1 'n Eienaar, wat besluit om te verhuur of van plan is om enige veranderinge aan te bring in die okkupasie van sy eenheid sal, voor verhuring plaasvind, die Huiseienaarvereniging in kennis stel van sodanige verhuring en die Huiseienaarvereniging met die besonderhede van die nuwe okkuppeerders voorsien. Die eienaar sal steeds verantwoordelik wees vir die betaling van die maandelikse heffings en elektriese rekening.

13.2 'n Eienaar sal nie toelaat dat sy eenheid op 'n permanente basis of vir die duur van die huurkontrak geokkupeer word deur meer as die volgende aantal persone nie:

13.2.1 Een slaapkamer – maksimum 2 persone;

13.2.2 Twee slaapkamer – maksimum 4 persone; en

13.2.3 Drie slaapkamer – maksimum 6 persone.

14. VOORSIENING VIR HUUR

Die volgende klousules moet ingesluit word by alle huurooreenkomste:

"It is recorded that the premises are part of a unit of a Owners Scheme and that the building and land are controlled managed and administered subject to the provisions of the **Municipal laws 1971** by means of rules for the control management administration, use and enjoyment of units and the common property.

It is accordingly agreed that:-

- a. Without prejudice to the provisions of the lease, the rights and use and enjoyment of the premises by the lessee are subject to the provisions of the Munisipal Law, as amended, and a breach of the regulations promulgated thereunder or the Conduct Rules shall be a breach of the Lease;
- b. Any person appointed by the Body Corporate may at the request of the members be permitted to investigate the validity of any alleged breach of the Conduct Rules;
- c. The Managing Agents and Body Corporate must be advised of whom the Lessee is as well as the names of the person living on a permanent basis in the unit;
- d. In the event of a lessee committing a breach of any of the Conduct Rules then the lessor shall upon written request by the Body Corporate instruct the lessee to vacate the said unit and complex within 30 (thirty) days; and
- e. In the event of extreme circumstances as determined by the Body Corporate the period to vacate the unit and premises may be shortened at the discretion of the Body Corporate to any period less than 30 (thirty) days."

15. VOORSTELLE EN KLAGTES

Voorstelle en klagtes sal in skrif aan die Huiseienaarsvereniging gegee word. Terugvoering sal of direk of deur die notule van 'n vergadering gegee word.

16. BOETES

Eienaars sal verantwoordelik wees vir die betalings van boetes tot 'n maksimum van R200.00 per maand indien hulle of hul huurders of ander wettige bewoners en besoekers in stryd is met enige van die bogenoemde reëls.